

**16 Oktober**

**Filippense 4:4-9; (Teks: 4:8, 9)**

***Wat moet ons bedink?***

Waarop moet ons ons gedagte rig omdat ons bewus is van die Here se nabyheid?

*Alles wat waar is*, teenoor dit wat kunsmatig en voorgee is.

*Alles wat edel is*, teenoor oppervlakkigheid en ligsinnigheid.

*Alles wat reg is*, teenoor onreg,

*Alles wat rein is*. Dit gaan oor reinheid in ons hele lewe.

*Alles wat mooi is*, teenoor dit wat afbrekend is.

*Alles wat prysenswaardig is*, teenoor dit wat ons nie kan goedpraat nie.

*Watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees* - natuurlik dit wat God sou prys en aanbeveel.

Wie sy gedagtes so met hierdie positiewe dinge besig hou - God kom naby hom. God gee hom vrede.

Die dink sal ook lei tot doen. Ons gedrag word vooraf "geprogrammeer" deur hoe ons oor 'n saak dink. Iemand wat nie dink nie se gedrag sal natuurlik onstabiel wees: Vandag so en môre net die teenoorgestelde.

Romeine 12:2 is baie duidelik hieroor: *"Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is."*

As God vrede gee, beteken dit dat God 'n mens innerlik heelmaak. Nadenkende mense is daarom ewewigdig. Waar die verstand uitgeskakel word en nadenke nie plek het nie kom ongebalanseerdheid.

Dink ons nog na oor wat die Here belowe en oor wat Hy vra? Ons het 'n ryke erfenis van God ontvang, maar ons leef dikwels onnadenkend soos boemelaars daarby verby.

Sing: Psalm 25:2

Ds. P.A. Odendaal (Evander)